

Prediking:

1.

Vriende.

Baie keer bevind ons onself voor 'n geslote deur.

- Dalk bevind jy jousef in 'n **verhouding** en dit voel vir jou dat daar geen moontlikhede is nie. Dit is soos 'n toe deur.
- Of dalk voel jou **werk** so. Elke dag is presies die selfde en daar is nie eers werklik kans vir bevordering nie. Jaar na jaar is dit maar net meer van die selfde.
- Sommige se **gesondheid** kan hulle so beskryf. Die suikersiekte, die kanker, die depressie is soos 'n toe deur voor my. Daar is geen kans vir verligting nie. Geen moontlike uitkoms nie.
- Ons beskryf selfs **die dood** as 'n toe deur. Nie een van ons weet presies hoe dit agter die deur sal lyk nie.

Baie kere staan ons voor 'n toe deure in ons lewens. Ons klop aan die deur. Maar niemand maak oop nie. Ons skop en slaan en skree, maar die struikelblok, die hindernis, gaan nêrens heen nie. Ons probeer elke sleutel wat in ons hand is, maar nie een werk nie. Die deur bly toe.

2.

Baie van vroeë Christene se lewens kan op 'n baie soortgelyke manier beskryf word.

- Hulle het voor toe deure gestaan in terme van **die ekonomie**. Juis omdat hulle gelowiges was, **was deure in hulle gesigte toe geslaan**. Hulle kon nie handel dryf soos die ander mense nie en gevolglik het baie Christene van ellende gekrepeer.

- Hulle het voor toe deure gestaan in **terme van geloof**. Die oomblik toe hulle Christene geword het wat die tempel en alles wat daarmee gepaard gaan van hulle weggeneem. Mense wie se huise net oomblikke van te vore vir jou oop was **slaan nou die deur in jou gesig toe**. Die einste mense sê dat die Christene self 'n deur op God toe gemaak het. Deurdad hulle Christene geword het het hulle nou nie meer toegang tot God nie.
- Dit het selfs verder gestrek. Ook in **sosiale terme** is deure in die eerste gelowiges se gesigte toe geslaan. **Joodse familie en vriende** het hulle verstoot. Voorheen was daar by hulle gekuier, is hulle na bruilofte uitgenooi. Dit het egter soos 'n geslote deur geword met die aanneem van Christus. Verbeel jy loop in die straat en almal ignoreer jou – jy het Jesus as verlosser en saligmaker aangeneem.
- Selfs **die toekoms** was vir die vroeë gelowiges 'n toe deur. Hulle het nie geweet of hulle more sal leef nie, en of hulle kinders en familie 'n toekoms het nie.

3.

Vir die eerste gelowiges, broers en susters, wie daagliks hulself voor geslote deur bevind het skryf Johannes, die skrywer van Openbaring, die teksgedeelte.

Hy teken die visioen vir jou en my op.

- Elkeen van **ons bevind onself op een of ander stadium voor 'n deur waarvan ons net nie die sleutel het nie**.
- Ons skop en slaan aan die deur, en die dit maak nie saak hoe baie skree nie. Die deur bly toe.
- Die struikelblok, die hindernis bly is ons pad.

Vir die eerste gelowiges vir wie die teks geskryf het, en aan elkeen van ons het Johannes vir ons vanoggend eintlik 'n baie eenvoudige boodskap. As ons egter mooi luister sal ons besef dat die boodskap 'n **troosvolle** boodskap is. 'n Boodskap wat **hoop gee in wêreld vol deure wat toe is**.

En wat sê Johannes vir ons dan in die teksgedeelte?

- Al voel dit vir **ons asof alles in die lewe** voor 'n toe deur staan.
- Al voel dit asof ons agter 'n toe **deur by die werk, by die skool of in jou huis is**
- Al voel dit vir ons of die **wêreld daagliks deure in ons gesig toe slaan en dat ons net nie die regte sleutels in die hand** het nie,
- sê die teks vandag vir ons dat ten spyte van al die toe deure in ons lewe **daar een deur is wat oop is.** En dit is die enigste deur wat saak maak.

Al is elke deur in ons lewens toe, **is die deur na die hemel vir ons oop.**

Johannes sien dit so duidelik in die visioen wat hy ervaar. Hy sê dat hy **opgekyk het en 'n deur sien oopmaak na die hemele.**

Besef ek en jy hoe ongelooflik, hoe ingrypend hierdie kort sinnetjie vir ons is.

- Voorheen was ons geheel en al **van God vervreem, van Hom afgesluit.**
- Daar was 'n **hindernis is ons pad, 'n struikelblok.**
- Dit is ons eie sonde en ons eie ongelooft en twyfel.

Maar in Jesus is die **deur vir ons oopgesluit, is die hindernis vir ons verwyder** - nog meer, **Hy het die hele deur verwyder, verwoes.** Ons lees so mooi dat in hoofstuk een dat Jesus die sleutels in sy hand dra. Nie net van die doderyk nie, maar ook vir die hemele.

Die deur kan ek en jy nie self oopmaak nie. Ons kan nie op ons eie deurdring na God nie. God is in 'n ander vertrek, 'n ander realiteit as ons. Slegs deur Jesus word die deur vir ons oopgemaak. Slegs deur Jesus kan ons deur die deur gaan om saam met God te wees.

- Die blote feit dat die deur na die hemele vir ons oopgemaak is vul ons met **hoop.** Dit **vertroos** ons, dit **gee ons vrede.** Want ons is nie langer van God geskei nie. God is met ons en ons met God, en niks kan dit verander nie.
- Maar terselfdertyd kyk ons ook met die wete **anders na al die toe deure in ons lewens.** Omdat Jesus vir ons die grootste, die swaarste deur oopgemaak

het, weet ons ook dat Hy **al die ander, kleiner deure in ons lewens kan oopmaak.**

Jesus het dan die deur na die hemele oopgesluit, en daarom kan hy ook elke ander deur in die lewe vir ons oopsluit. Hy kan dit doen omdat hy lief is vir ons en omdat Hy almagtig is.

Lees ek Openbaring 4 dink ek onwillekeurig aan **Handelinge 7: 54-60.** Net dalk een van die mees aangrypendste teksgedeeltes in die Bybel. Daar staan:

54 Toe die lede van die Joodse Raad dit hoor, het hulle van woede op hulle tande gekners. 55 Maar Stefanus, vol van die Heilige Gees, het opgekyk na die hemel en die heerlijkheid van God gesien en Jesus wat aan die regterhand van God staan. 56 “Kyk,” het hy gesê, “ek sien die hemel geopen en die Seun van die mens wat aan die regterhand van God staan.” 57 Toe het hulle hard geskreeu en hulle ore toegedruk. Soos een man het hulle op hom afgestorm, 58 hom uit die stad uitgesleep en gestenig. Die getuies het hulle klere neergesit by 'n jongman met die naam Saulus. 59 Terwyl hulle vir Stefanus stenig, het hy geroep: “Here Jesus, ontvang my gees!” 60 Toe het hy op sy knieë neergesak en hard uitgeroep: “Here, moet hulle tog nie hierdie sonde toereken nie!” Met hierdie woorde het hy gesterwe.

Stefanus kom in die teksgedeelte voor 'n geslote deur te staan – die dood, hy is besig om op gewelddadige wyse te sterf. Alhoewel hy voor die dood te staan kom beteken dit nie egter dat hy verlore is nie. Nee, in die laaste oomblikke van sy lewe sien hy die hemele geopen. En hy sien God en Jesus aan sy regterhand. Die implikasie hiervan is die selfde as wat ons in Openbaring vind. Stefanus, ek en jy, almal wat Jesus aanneem, vir ons is die hemele oop. Ons is met God verenig, Hy is met ons, en ons met Hom. Selfs wanneer ons Godsverlate voel, bly die hemele vir ons oop.

4.

Hierdie wete, dat Jesus vir ons **die hemele oopgesluit het en dat ons nou toegang tot God het – in lewe en in sterwe** – laat ons nie net met hoop na ons eie lewe kyk nie. Dit laat ons nie net anders **na die geslote deure** in ons eie lewens

kyk nie, maar dit vul ons ook met ongelooflike **vreugde en blydskap**. Dit laat ons sing en God prys.

- Daarom, uit dankbaarheid, moet ons God loof en prys daar waar Hy in al sy **glorie en almag op sy troon sit**.
- Daarom, moet ons, uit dankbaarheid vir die geopende deur, saam met die **24 ouderlinge**, elke dag op ons knieë gaan en God se almag, liefde en genade besing. Die 24 ouderlinge **wat simbolies is van al die gelowiges reg deur die eeue. Ook van die wat nog na ons sal kom.**
- Daarom, gemeente, moet ek en jy saam met die **vier lewende wesens** dag na dag die belydenis uiter: *“Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, Hy wat was, wat is en wat kom.*
- Die 4 wesens met hul **vlerke en oë is weer simbolies van die ganse skepping**, die ganse heelal.
- Daarom, vriende, kan ons nie anders as om om die woorde te uiter nie: *Here, ons God, U is waardig om die heerlikheid en eer en die te ontvang omdat U alles geskep het; deur u wil het alles ontstaan en is dit geskep.*

En gemeente. Laat die liedere van dank nie net liedere bly nie. Laat ons ganse lewe ’n loflied word. Laat ons gedagtes, ons dade, ons versugtinge, ons verlange – alles – ’n loflied word. Want Jesus het die deur vir ons oopgesluit en God sit op sy troon. Hy is in beheer. Hy is almagtig. Hy is die een wat was, wat is, en wat kom. Amen